

Mev Angie Motshekga.
Minister van Basiese Onderwys



Mnr Enver Surty.
Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.*

*Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.*

*Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.*

Rainbow WORKBOOKS


MATHEMATICS IN AFRIKAANS
GRADE 9 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0227-1



THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.






ISBN 978-1-4315-0227-1


WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 9 Boek 1



# WISKUNDE IN AFRIKAANS

Graad 9

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

Naam:

Klas:


basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA




Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Third edition 2013

ISBN 978-1-4315-0227-1

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

This book may not be sold.

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



3 x 4 = 12

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 2 | 4 | 6 | 8 | 10 | 12 | 14 | 16 | 18 | 20 | 22 | 24 | 26 | 28 | 30 | 32 | 34 | 36 | 38 | 40 |
| 3 | 6 | 9 | 12 | 15 | 18 | 21 | 24 | 27 | 30 | 33 | 36 | 39 | 42 | 45 | 48 | 51 | 54 | 57 | 60 |
| 4 | 8 | 12 | 16 | 20 | 24 | 28 | 32 | 36 | 40 | 44 | 48 | 52 | 56 | 60 | 64 | 68 | 72 | 76 | 80 |
| 5 | 10 | 15 | 20 | 25 | 30 | 35 | 40 | 45 | 50 | 55 | 60 | 65 | 70 | 75 | 80 | 85 | 90 | 95 | 100 |
| 6 | 12 | 18 | 24 | 30 | 36 | 42 | 48 | 54 | 60 | 66 | 72 | 78 | 84 | 90 | 96 | 102 | 108 | 114 | 120 |
| 7 | 14 | 21 | 28 | 35 | 42 | 49 | 56 | 63 | 70 | 77 | 84 | 91 | 98 | 105 | 112 | 119 | 126 | 133 | 140 |
| 8 | 16 | 24 | 32 | 40 | 48 | 56 | 64 | 72 | 80 | 88 | 96 | 104 | 112 | 120 | 128 | 136 | 144 | 152 | 160 |
| 9 | 18 | 27 | 36 | 45 | 54 | 63 | 72 | 81 | 90 | 99 | 108 | 117 | 126 | 135 | 144 | 153 | 162 | 171 | 180 |
| 10 | 20 | 30 | 40 | 50 | 60 | 70 | 80 | 90 | 100 | 110 | 120 | 130 | 140 | 150 | 160 | 170 | 180 | 190 | 200 |
| 11 | 22 | 33 | 44 | 55 | 66 | 77 | 88 | 99 | 110 | 121 | 132 | 143 | 154 | 165 | 176 | 187 | 198 | 209 | 220 |
| 12 | 24 | 36 | 48 | 60 | 72 | 84 | 96 | 108 | 120 | 132 | 144 | 156 | 168 | 180 | 192 | 204 | 216 | 228 | 240 |
| 13 | 26 | 39 | 52 | 65 | 78 | 91 | 104 | 117 | 130 | 143 | 156 | 169 | 182 | 195 | 208 | 221 | 234 | 247 | 260 |
| 14 | 28 | 42 | 56 | 70 | 84 | 98 | 112 | 126 | 140 | 154 | 168 | 182 | 196 | 210 | 224 | 238 | 252 | 266 | 280 |
| 15 | 30 | 45 | 60 | 75 | 90 | 105 | 120 | 135 | 150 | 165 | 180 | 195 | 210 | 225 | 240 | 255 | 270 | 285 | 300 |
| 16 | 32 | 48 | 64 | 80 | 96 | 112 | 128 | 144 | 160 | 176 | 192 | 208 | 224 | 240 | 256 | 272 | 288 | 304 | 320 |
| 17 | 34 | 51 | 68 | 85 | 102 | 119 | 136 | 153 | 170 | 187 | 204 | 221 | 238 | 255 | 272 | 289 | 306 | 323 | 340 |
| 18 | 36 | 54 | 72 | 90 | 108 | 126 | 144 | 162 | 180 | 198 | 216 | 234 | 252 | 270 | 288 | 306 | 324 | 342 | 360 |
| 19 | 38 | 57 | 76 | 95 | 114 | 133 | 152 | 171 | 190 | 209 | 228 | 247 | 266 | 285 | 304 | 323 | 342 | 361 | 380 |
| 20 | 40 | 60 | 80 | 100 | 120 | 140 | 160 | 180 | 200 | 220 | 240 | 260 | 280 | 300 | 320 | 340 | 360 | 380 | 400 |

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30 31 32 33 34 35 36 37 38 39

Graad 9

Rainbow WORKBOOKS

# wiskunde

in Afrikaans



AFRIKAANS

Boek 1

Naam:

# 1 Natuurlike getalle en eienskappe van getalle

## Wat beteken "rekenkunde"? Hoekom is dit belangrik?

**Rekenkunde** is die oudste en mees elementêre vertakking van wiskunde wat handel oor die eienskappe en hantering van getalle. Amper almal gebruik dit in alledaagse take, van gewone optelling en berekenings tot ingewikkelde wetenskaps- en besigheidsberekenings. Dit is die bestudering van hoeveelheid, veral as gevolg van getalle wat saamgevoeg word. In basiese rekenkunde word die vier bewerkings van optelling, aftrekking, vermenigvuldiging en deling met heelgetalle, rasionale en reële getalle, met inbegrip van meting en meetkunde, gebruik.

Aktiwiteite 1 tot 16 is nie net hersieningsoefeninge nie maar is ook 'n samevatting van belangrike begrippe wat jy in graad 9 gaan nodig kry.



**1. Bereken: Rond jou antwoorde af tot die naaste tiende, honderdste en duisendste.**

a. $78\,438 + 19\,469$

b. $83\,408 - 46\,753$

c. $37\,489 \times 128$

d. $39\overline{)87\,652}$

**2. Gebruik 'n sakrekenaar om jou antwoorde te kontroleer.**

**3. Teken 'n vloeidiagram en gebruik die terme "natuurlike getalle", "telgetalle" en "heelgetalle" daarin.**





**4. Voltooi die volgende:**

a. Die **kommutatiewe** eienskap van optelling en vermenigvuldiging:

i. a + b = _____ ii. a x b = _____

b. Die **assosiatiewe** eienskap van optelling en vermenigvuldiging:

i. (a + b) + c = _____ ii. (a x b) x c = _____

c. Die distributiewe eienskap van vermenigvuldiging bo optelling en aftrekking:

i. a(b + c) = _____ ii. a(b – c) = _____

d. 0 (nul) as die **identiteits**element van optelling: _____ = _____

e. 1 (een) as die identiteitselement van vermenigvuldiging:

_____ = _____

**5. Bereken die volgende deur die eienskappe van natuurlike getalle te illustreer:**

**Voorbeeld:** 33 + 99 = 132 en 132 = 99 + 33

a. 51 + (19 + 46) =

b. 4 (12 + 9) =

c. (9 x 64) + (9 x 36) =

d. 33 + 199 = 232, en 232 =

e. 20 x 5 = 100, en 100 =

**Probleemoplossing**

Ontwikkel 'n probleemsom deur al vier basiese bewerkings te gebruik. Dit moet 'n alledaagse voorbeeld wees.

# 2 Veelvoude en faktore

**Veelvoude**

Die produk wat jy kry as jy met 'n heelgetal vermenigvuldig, bv. 3 x 4 = 12.
Die veelvoude van 3 is: 3, 6, 9, ...

**Faktore**

Priemfaktor van 'n natuurlike getal is 'n deler van die getal wat ook 'n priemgetal is.

Faktore is die getalle wat jy saam kan vermenigvuldig, bv. 3 en 4 is faktore van 12.
Al die faktore van 12 is 1, 2, 3, 4, 6, 12

**Praat oor ...**

**KGV**

Kleinste gemene veelvoud

**GGF**

Grootste gemeenskaplike faktor

## 1. Identifiseer die KGV:

**Voorbeeld:** Veelvoude van 3: {3, 6, 9, (12) 15, 18, ...}
Veelvoude van 4: {4, 8, (12) 16, 20, ...}
KGV = 12

a. Veelvoude van:

7: {_____}

6: {_____}

KGV: ___8_____

b. Veelvoude van:

8: {_____}

2: {_____}

KGV: _____

c. Veelvoude van:

5: {_____}

4: {_____}

KGV: _____

d. Veelvoude van:

9: {_____}

6: {_____}

KGV: _____

## 2. Bereken die GGF deur faktorisering of inspeksie te gebruik.

**Voorbeeld: Faktore van 192 en 216**

| 192 | 2 |
|---|---|
| 96 | 2 |
| 48 | 2 |
| 24 | 2 |
| 12 | 2 |
| 6 | 2 |
| 3 | 3 |
| 1 | |

| 216 | 2 |
|---|---|
| 108 | 2 |
| 54 | 2 |
| 27 | 3 |
| 9 | 3 |
| 3 | 3 |
| 1 | |

**192** = 2 x 2 x 2 x 2 x 2 x 2 x 3

**216** = 2 x 2 x 2 x 3 x 3 x 3

Gemeenskaplike faktore is = 2, 2, 2, 3

GGF = 2 x 2 x 2 x 3 = 24

**Faktorbome van 192**




**Ek weet dat 192 deelbar is deur 3 omdat 1 + 9 + 2 = 12, en 12 is deelbaar deur 3 sonder 'n res.**

**'n Faktorboom word gebruik om 'n getal in sy priemfaktore op te breek.**

a. Faktore van 204 en 252

b. Faktore van 208 en 234

c. Faktore van 72 en 188

d. Faktore van 275 en 350

vervolg



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# Veelvoude en faktore vervolg



e. Faktore van 456 en 572

f. Faktore van 205 en 315

**3. Bereken die KGV deur faktorisering of inspeksie te gebruik:**

**Voorbeeld:** Faktore van 123 en 141

| 123 | 3 |
|---|---|
| 41 | 41 |
| 1 | |

| 141 | 3 |
|---|---|
| 47 | 47 |
| 1 | |

3 x 41 x 47 = 5 781

KGV = 5 781

a. Faktore van 243 en 729

b. Faktore van 200 en 1 000





c. Faktore van 225 en 675

d. Faktore van 128 en 256

e. Faktore van 162 en 486

f. Faktore van 225 en 675

**Probleemoplossing**

Verduidelik aan 'n familielid hoe die GGF met behulp van faktorisering bereken word.

# 3 Eksponente

**Hersien die eksponentwette deur die volgende te voltooi:**

$x^m x^n$ = ☐ $x^1$ = ☐

$x^m \div x^n$ = ☐

$(x^m)^n$ = ☐ $x^0$ = ☐ and $x \neq 0$

Hoekom moet jy die eksponentwette bestudeer?



**1. Skryf hierdie getalle in eksponentvorm:**

**Voorbeeld:** 144
= 12 x 12
= $12^2$

a. 64 ☐

b. 9 ☐

**2. Skryf hierdie getalle in eksponentvorm:**

**Voorbeeld:** 81
= 3 x 3 x 3 x 3
= $3^4$

a. 27 ☐

b. 8 ☐

**3. Skryf die volgende in eksponentvorm:**

**Voorbeeld:** 64 + 8
= $8^2 + 2^3$

a. 125 + 25 = ☐

b. 64 + 125 = ☐

**4. Skryf die volgende in eksponentvorm:**

**Voorbeeld:** 50 x 50 x 50 x 50 x 50 x 50 x 50 = $50^7$

a. 30 x 30 x 30 x 30 x 30 = ☐

b. 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 x 40 = ☐

**5. Beskou die voorbeelde en bereken:**

**Voorbeeld:** $3^1 = 3$, $25^1 = 25$, $m^1 = m$, $9^1 = 9$

a. $x^1$ = ☐

b. $a^1$ = ☐

**6. Antwoord positief of negatief sonder om die berekening te doen:**

**Voorbeeld:** $(-15)^2$ is positief
$(15)^2$ is positief
$(-15)^3$ is negatief

a. $(-9)^2$ ☐

b. $(18)^2$ ☐

## 7. Vereenvoudig:

**Voorbeeld:** $a \times b \times a \times b = a^2 \times b^2$ $\qquad$ $b^2 \times c^2 \times c^2 \times b^2 = b^4 \times c^4$

a. $g \times g \times h \times h \times h$

b. $a \times a \times b \times b \times a \times a$

## 8. Hersiening: bereken die vierkantswortel:

**Voorbeeld:** $\sqrt{9} = \sqrt{3 \times 3} = 3$

a. $\sqrt{64}$

b. $\sqrt{25}$

## 9. Bereken die vierkantswortel aan die hand van die voorbeeld:

**Voorbeeld:** $\sqrt{256} = \sqrt{2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2 \times 2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2} = 2 \cdot 2 \cdot 2 \cdot 2 = 16$

| | |
|---|---|
| 256 | 2 |
| 128 | 2 |
| 64 | 2 |
| 32 | 2 |
| 16 | 2 |
| 8 | 2 |
| 4 | 2 |
| 2 | 2 |
| 1 | |
















**Toets jou antwoord: 16 x 16 = 256**

a. $\sqrt{324}$

b. $\sqrt{1296}$

vervolg



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 3b Eksponente vervolg

**10. Hersien: bereken:**

**Voorbeeld:** $\sqrt{12.12}$
$= 12$

a. $\sqrt{2.2}$

b. $\sqrt{3.3}$

**11. Stel die vierkantswortel in sy eenvoudigste vorm voor:**

**Voorbeeld:** $\sqrt{2.2.2}$
$= 2\sqrt{2}$

a. $\sqrt{3.3.3}$

b. $\sqrt{6.6.6}$

**12. Stel die vierkantswortel in sy eenvoudigste vorm voor:**

**Voorbeeld:** $\sqrt{8}$
$= \sqrt{2 \times 2 \times 2}$
$= 2\sqrt{2}$

a. $\sqrt{12}$

b. $\sqrt{45}$

**13. Beskou die voorbeeld en voltooi die volgende:**

**Voorbeeld:** $3^2 = 9$ dus $\sqrt{9} = 3$

a. $5^2$

b. $9^2$

**14. Vereenvoudig en toets jou antwoord:**

**Voorbeeld:** $2^3 \times 2^2$
$= 2^{3+2}$
$= 2^5$
$= 32$

***Toets:*** $2^3 \times 2^2$
$= 8 \times 4$
$= 32$

$8^5 \times 8^9 =$

**15. Bereken en toets jou antwoord:**

**Voorbeeld:** $x^3 \times x^4$
$= x^{3+4}$
$= x^7$

**Toets jou antwoord: $x = 2$**

$2^3 \times 2^4$ $2^{3+4}$
$= 8 \times 16$ $= 2^7$
$= 128$ $= 128$

$p^7 \times p^3 =$

**16. Los op:**

**Voorbeeld:** $3^5 \div 3^2$
$= 3^{5-2}$
$= 3^3$
$= 27$

***Toets:*** $3^5 \div 3^2$
$= 243 \div 9$
$= 27$

$1^{10} \div 1^{10} =$





## 17. Vereenvoudig en toets jou antwoord:

**Voorbeeld:** **Toets jou antwoord: $x = 2$**

| | | |
|---|---|---|
| $x^5 \div x^3$ | $2^5 \div 2^3$ | $2^5 \div 2^3$ |
| $= x^{5-3}$ | $= 2^{5-3}$ | $= 32 \div 8$ |
| $= x^2$ | $= 2^2$ | $= 4$ |

$g^{20} \div g^{15} =$

*Toets as $g = 3$*

## 18. Vereenvoudig en toets jou antwoord:

*[jy mag jou sakrekenaar gebruik]*

**Voorbeeld:** $(2^3)^2$ Toets: $(2^3)^2$

$= 2^{3+2}$ $= (8)^2$

$= 2^6$ $= 64$

$= 64$

$(7^9)^4 =$

## 19. Vereenvoudig en toets jou antwoord:

**Voorbeeld:** **Toets jou antwoord: $x = 3$**

| | | |
|---|---|---|
| $(x^3)^2$ | $(3^3)^2$ | $(3^3)(3^3)$ |
| $= x^{3+2}$ | $= (3)^{3x2}$ | $= 27 \times 27$ |
| $= x^6$ | $= 3^6$ | $= 729$ |
| | $= 729$ | |

$(p^2)^6 =$ *Toets as $p = 2$*

## 20. Vereenvoudig:

$(23s^{10})^2 =$

**Voorbeeld:** $(3x^2)^3$

$= 3.x^{2x2}$

$= 27x^6$

## 21. Vereenvoudig:

**Voorbeeld:** $(a \times t)^n$

$= a^n \times t^n$

$(b \times c)^y =$

## 22. Los met behulp van albei metodes.

**Voorbeeld:** $a^4 \div a^4$

$= \frac{a.a.a.a}{a.a.a.a}$

$= 1$

As a $\neq 0$

$a^4$ beteken $a \times a \times a \times a$ wat dieselfde beteken as $a.a.a.a$

$= a^{4-4}$

$= a^0$

As a $\neq 0$

$m^3 \div m^3 =$

**Probleemoplossing**

Tel die eerste 10 vierkantsgetalle op.

Stel die vierkantswortel van enige viersyfergetal voor deur priemfaktorisering te gebruik.

# 4 Heelgetalle en patrone

Heelgetalle sluit die telgetalle {1, 2, 3, ...}, nul {0}, en die negatief van die telgetalle {–1, –2, –3, ...} in.

**Kommutatiewe eienskap:**
a + b = b + a
a x b = b x a

**Assosiatiewe eienskap:**
a + (b + c) = (a + b) + c
a x (b x c) = (a x b) x c

**Distributiewe eienskap:**
a × (b + c)
= a × b + a × c of a × (b + c) x a
= a × b + a × c



Wat sal gebeur as ek al die a's negatief maak?

... al die a's en b's negatief maak?

al die a's, b's en c's negatief maak?

**1. Identifiseer die laaste term in elke patroon. Wat sê die reël?**

**Voorbeeld:** -8, -7, -6, -5, -4, -3, -2 -2 is die 7de term. Die reël is vorige term + 1.

-20, -18, -16, -14, -12, -10, - 8 Dit is die _____ term.

Die reël is _____

**2. Skryf die volgende in stygende volgorde:**

-5, 5, 15, 55, 10, -15, -10, -55 _____

**3. Voltooi <, >, of =**

a. 4 _____ -4 b. -18 _____ -8 c. -2 _____ 2

**4. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** (-7) + (5)
= -7 +5
= -2

a. (-6) - (8) =

b. (-8) + (-4) =

**5. Bereken die volgende:**

**Voorbeeld:** (-5 - 4) x ( 6 – 2 )
= -9 x 4
= -36

a. (-2 – 3) ÷ (-4 – 1)

b. (5 – 6) x (8 – 7)





## 6. Bereken die volgende:

**Voorbeeld:** (-3 + 2) + (5 – 3) x ( 8 – 9)
= (-1) + (2) x (-1)
= -1 + (-2)
= -1 - 2
= -3

(-7 + 5) x (-2 - 7) + (-5 + 3)=

## 7. Kommutatiewe eienskap: Gebruik die voorbeeld as riglyn om die volgende te bereken:

**Voorbeeld:** 8 + (-3) = (-3) + 8 = 5
8 x (-3) = (-3) x 8 = -24

a. 33 + (-14) = _____ = _____

b. 7 x (-6) = _____ = _____

## 8. Gebruik aftrekking om jou optelling te kontroleer, of doen dit andersom.

**Voorbeeld:** 8 + (-3) = 5 dan
5 - 8 = -3 of
5 - (-3) = 8

a. 17 + (-8) = _____ = _____

b. 9 + (-5 ) = _____ = _____

## 9. Assosiatiewe eienskap: Gebruik die voorbeeld as riglyn om die volgende te bereken:

**Voorbeeld:** [(-6 ) + 4] + (-1) = (-6) + [4 + (-1)] = (-6) + 3 = -3

a. [(-3) + 2] + (-4) = _____ = _____

b. [(-4) + (-10)] + 5 = _____ = _____

## 10. Gebruik deling om te kontroleer, of doen dit andersom.

**Voorbeeld:** 5 x (-6) = -30 dan
-30 ÷ 5 = -6 en
-30 ÷ (-6) = 5

a. 6 x (-8) =

b. 4 x (-2) =

## 11. Voltooi die patroon.

**Voorbeeld:** (+ 5) x (+ 5) = 25
(-5) x (-5) = 25
(+ 5) x (-5) = -25
(-5) x (+ 5) = -25

(+12) x (+12) = _____

(-12) x (-12) = _____

(+12) x (-12) = _____

(-12) x (+12) = _____

**Probleemoplossing**

As die antwoord 20 is en die berekening bevat drie bewerkings, wat kan die berekening dan wees?



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 5 Gewone breuke

**Beskou hierdie voorbeelde en gee nog vyf voorbeelde by elkeen:**

**Egte breuk** $\frac{3}{4}$

**Onegte breuk** $\frac{8}{3}$

**Gemengde getal** $1\frac{1}{2}$

**Onegte breuk na gemengde getal**

$\frac{8}{3} = 2\frac{2}{3}$

**Gemengde getal na onegte breuk**

$1\frac{1}{4} = \frac{5}{4}$

**1. Tel op en vereenvoudig die antwoord, indien nodig.**

**Voorbeeld:**

$\frac{6}{8} + \frac{4}{8}$

$= \frac{10}{8}$

$= 1\frac{2}{8}$

$= 1\frac{1}{4}$

a. $\frac{6}{12} + \frac{8}{12} =$

b. $\frac{3}{15} + \frac{7}{15} =$



Wanneer ons breuke optel, moet die noemers dieselfde wees.

**2. Bereken en vereenvoudig die antwoord, indien nodig.**

**Voorbeeld:**

$\frac{2 \times 2}{3 \times 2} + \frac{3}{6}$

$= \frac{4}{6} + \frac{3}{6}$

$= \frac{7}{6}$

$= 1\frac{1}{6}$

a. $\frac{1}{4} - \frac{3}{8} =$

b. $\frac{3}{6} + \frac{7}{18} =$

**3 Bereken en vereenvoudig die antwoord, indien nodig.**

**Voorbeeld:**

$\frac{2 \times 4}{3 \times 4} + \frac{3 \times 3}{4 \times 3}$

$= \frac{8}{12} + \frac{9}{12}$

$= \frac{17}{12}$

$= 1\frac{5}{12}$

a. $\frac{6}{5} + \frac{5}{6} =$

b. $\frac{3}{7} + \frac{7}{9} =$

**4. Bereken en vereenvoudig die antwoord, indien nodig.**

**Voorbeeld:**

$$\frac{2}{x} + \frac{3}{x} = \frac{2+3}{x} = \frac{5}{x}$$

a. $\frac{6}{x} - \frac{5}{x} =$

b. $\frac{1}{x^2} + \frac{4}{x^2} =$

**5. Bereken en vereenvoudig die antwoord:**

**Voorbeeld:**

$$\frac{3}{4} \times \frac{2}{3} = \frac{6}{12} = \frac{1}{2}$$

a. $\frac{5}{6} \times \frac{4}{7} =$

b. $\frac{6}{12} \times \frac{4}{5} =$

**6. Vereenvoudig:**

**Voorbeeld:**

$$\frac{3}{x} \times \frac{x}{4} = \frac{2x}{4x} = \frac{1}{2}$$

a. $\frac{3}{x} \times \frac{x}{12} =$

b. $\frac{x}{21} \times \frac{14}{x} =$

**7. Bereken en vereenvoudig die antwoord indien nodig:**

**Voorbeeld:**

$$\frac{3}{4} \div \frac{2}{3} = \frac{3}{4} \times \frac{3}{2} = \frac{9}{8} = 1\frac{1}{8}$$

a. $\frac{4}{7} \div \frac{4}{6} =$

b. $\frac{9}{12} \div \frac{3}{4} =$

## Probleemoplossing

Noem vyf breuke wat tussen twee tiendes en drie tiendes sal wees.

Wat is $\frac{5}{8} + \frac{8}{5}$ in die eenvoudigste vorm?

Kan twee eenheidsbreuke een eenheidsbreuk gee as jy
- dit optel?
- dit vermenigvuldig?

Wat is $\frac{3}{12} \times \frac{12}{4}$ in die eenvoudigste vorm?

As die antwoord $\frac{33}{99}$ is, wat is die twee breuke wat vermenigvuldig is? Is daar slegs een antwoord?

As ___ (natuurlike getal) x ___ (breuk) = $\frac{32}{40}$, hoeveel moontlike oplossings is daar dan vir hierdie som?

Vermenigvuldig enige twee onegte breuke en vereenvoudig jou antwoord, indien nodig.

# 6 Persentasies en desimale breuke

**Beskou die volgende. Wat beteken dit?**





$$\frac{147}{100} = 1{,}47 = 147\%$$

**Waar in ons alledaagse lewe gebruik ons:**

- Desimale breuke?
- Persentasies?

**1. Skryf elkeen van die volgende persentasies as 'n breuk en 'n desimale breuk.**

**Voorbeeld:** 18% of $\frac{18}{100}$ of 0,18

$= \frac{9}{50}$

a. 42%

b. 65,5%

**2. Bereken.**

**Voorbeeld:** 25% van R60

$= \frac{25}{100} \times \frac{R60}{1}$

$= \frac{R1\ 500}{100}$

$= R15{,}00$

a. 30% van R150

b. 65% van R125

**3. Bereken die persentasie*styging* (persentasie *vermeerdering*).**

**Voorbeeld:**

Bereken die persentasiestyging as die prys van 'n buskaartjie van R60 tot R72 verhoog word.

$\frac{12}{60} \times \frac{100}{1}$

$= \frac{1200}{60}$

**= 20%**

∴ **20% styging**

Ons moet eers sê met hoeveel die prys van die buskaartjie gestyg het.

Om dan die **persentasiestyging** uit te werk, moet ons $\frac{12}{60}$ met 100 (persentasie) vermenigvuldig.

Dit het met R12 gestyg (R72 - R60 = R60).

Die prys het met $\frac{12}{60}$ of 20% gestyg.

R95 tot R125

Prysstyging: _____

## 4. Bereken die persentasiedaling (persentasieafname).

**Voorbeeld:**

Bereken die persentasiedaling as die prys van petrol van 25 sent per liter tot 17 sent daal. Die bedrag waarmee dit daal, is 8 sent.

$\frac{8}{25} \times \frac{100}{1}$

$= \frac{800}{25}$

**= 32**

∴ **32% styging**

Ons moet eers sê met hoeveel die petrolprys verlaag is.

Dit is met 8 c verlaag omdat 17 c + 8 c gelyk is aan 25 c.

Om die **persentasiedaling** dan uit te werk, moet ons $\frac{8}{25}$ met 100 vermenigvuldig.

R52 tot R46

Prysdaling: _____

## 5. Skryf die volgende in uitgebreide notasie:

**Voorbeeld:** 30,405 = 30 + 0,4 + 0,005

a. 39,482 _____

b. 458,917 _____

c. 873,002 _____

d. 903,9301 _____

## 6. Bereken met behulp van albei metodes. Kontroleer jou antwoord.

**Voorbeeld 1:** 2,37 + 4,53

= (2 + 4) + (0,3 + 0,5) + (0,07 + 0,03)

= 6 + 0,8 + 0,1

= 6,9

**Voorbeeld 2:**

2,37
+ 4,53
6,90

a. 89,879 – 39,999 =

b. 802,897 + 78,873 =

vervolg



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 6b Persentasies en desimale breuke
## vervolg

**7. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.**

**Voorbeeld:**

0,4 x 0,3 = 0,12 0,04 x 0,3 = 0,012 0,04 x 0,03 = 0,0012

a. 0,4 x 0,5 = _____ b. 0,04 x 0,5 = _____

c. 0,04 x 0,05 = _____ d. 0,6 x 0,3 = _____

e. 0,06 x 0,3 = _____ f. 0,06 x 0,03 = _____

g. 0,8 x 0,7 = _____ h. 0,08 x 0,7 = _____

i. 0,08 x 0,07 = _____

**8. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik.**

**Voorbeeld 1:** 0,3 x 0,5 x 100
= 0,15 x 100
= 15

**Voorbeeld 2:** 0,7 x 0,4 x10
= 0,28 x 10
= 2,8

a. 0,9 x 0,4 x 10 =

b. 0,7 x 0,06 x 10 =





**9. Bereken. Kontroleer jou antwoord deur 'n sakrekenaar te gebruik. Rond jou antwoorde af.**

**Voorbeeld:** 4,387 x 30

= (4 x 30) + (0,3 x 30) + (0,08 x 30) + (0,007 x 30)

= 120 + 9 + 2,4 + 0,21

= 120 + 9 + 2 + 0,4 + 0,2 + 0,01

= 131,421

Naaste eenheid: 131

Naaste tiende: 131,4

Naaste honderdste: 131,42

a. 16,467 x 40 =

b. 298,999 x 60 =

**10. Bereken die volgende.**

**Voorbeeld:** 9,81 ÷ 9

= 1,09

1,09 afgerond tot die naaste tiende is 1,1.

a. 5,25 ÷ 5 = _____

b. 72,08 ÷ 8 = _____

c. 48,48 ÷ 6 = _____

d. 39,97 ÷ 7 = _____

**Probleemoplossing**

Vermenigvuldig die getal wat presies tussen 2,71 en 2,72 staan met die getal wat gelyk is aan tien maal drie.

Jy wil twaalf ewe lank stukke tou uit 'n 144,12 m tou sny. Hoe lank sal elke stukkie tou wees?

My ma het 77,12 m tou gekoop. Sy moet dit in agt stukkies verdeel. Hoe lank sal elke stukkie tou wees?



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 7 Inset en uitset

**Wat sê elke stelling vir jou? Gee nog twee voorbeelde van elkeen.**

**Konstante verskil**
Bv. –3; –7; –11; –15
"Tel –4 by" of "Tel in –4'e" of "Tel –4 by die vorige patroon by".



**Konstante verhouding**
Bv. –2; –4; –8; –16; –32
"Vermenigvuldig die vorige term met 2."

**Om nie 'n konstante verskil of verhouding te hê nie.** Bv. 1; 2; 4; 7; 11; 16. "Maak die verskil tussen opeenvolgende terme elke keer groter met 1."

1. **Wat is die konstante verskil tussen die opeenvolgende terme?**

   a. 8, 12, 16, 20. _____ b. 7, 14, 21, 28. _____

2. **Wat is die konstante verhouding tussen die opeenvolgende terme?**

   a. 3, 9, 27, 81 _____ b. 9, -27, 81, -243 _____

3. **Het hierdie patroon 'n konstante verskil of verhouding ?**

   a. 1, 4, 10, 19 _____ b. 2, 4, 8, 16 _____

4. **Wat is die konstante verskil of verhouding tussen die opeenvolgende terme?**

   a. 5, -15, 45, -135 _____ b. 7, 14, 21, 28, _____

5. **Voltooi die tabel en gee dan die reël.**

**Voorbeeld:**

| Posisie | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | n |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Waarde van die term | 5 | 10 | 15 | 20 | 25 | n x 5 |

Reël?
Die term x 5.

a. Voltooi die tabel.

| Posisie | 2 | 4 | 6 | 8 | n |
|---|---|---|---|---|---|
| Waarde van die term | 4 | 8 | | 16 | |

b. Dui die reël aan. _____

c. Wat sal die waarde van die 20ste term wees? _____

**6. Maak 'n skets om die volgende patroon te bepaal. Voltooi die vrae.**

Seshoekgetallepatroon:



(1 x 6)

a. Wat sal die volgende patroon wees? Die reël: Voeg een vuurhoutjie aan elke sy by (maak dus elke sy langer met een vuurhoutjie).

b. Teken jou resultate in hierdie tabel aan.

| Seshoek | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | | 10 | n |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aantal vuurhoutjies | | | | | | | | | |

**7. Voltooi die volgende tabel. Beskryf dit.**

**Voorbeeld:** 8, 15, 22, 29…

| **Term** | **1** | **2** | **3** | **4** | | **18** | **n** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Waarde van die term** | 8 | 15 | 22 | 29 | | 127 | 7(n) + 1 |

- Tel 7 by die vorige posisie.
- 7 x die posisie van die term + 1.
- 7(n) + 1, waar "n" die posisie van die term is.
- 7(n) + 1, waar "n" 'n natuurlike getal is.

5, 7 , 9, 11,

| **Term** | **1** | **2** | **3** | **4** | **17** | **n** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Waarde van die term** | | | | | | |

vervolg ☛

# Inset en uitset vervolg



## 8. Voltooi die volgende:

**Voorbeeld:**




**t = p x 2 + 3 (reël)**

0 x 2 + 3 = 3 (t = 3)

2 x 2 + 3 = 7 (t = 7)

4 x 2 + 3 = 11 (t = 11)

6 x 2 + 3 = 15 (t = 15)

8 x 2 + 3 = 19 (t = 19)




a.




b.




## 9. Wat is die reël?

**Voorbeeld:**




31 = 4(8) – 1

47 = 4(12) – 1

79 = 4(20) – 1

143 = 4(36) – 1

271 = 4(68) – 1

Die reël is: 4(p) – 1 = t

a.




b.



**10. Beskryf die verwantskap tussen die getalle in die boonste ry en die getalle in die onderste ry in die tabel.**

**Voorbeeld:**

| $x$ | 0 | 1 | 2 | 20 | 50 | 100 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | 5 | 7 | 9 | 45 | 105 | 205 |

Reël is $y = 2x + 5$

| $x$ | -2 | -1 | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | 10 | 8 | 6 | 4 | 2 | 0 |

**11. Beskryf die verwantskap tussen die getalle in die boonste ry en die getalle in die onderste ry in die tabel. Skryf die waardes van m en n neer.**

**Voorbeeld:**

| $x$ | -2 | -1 | 0 | m | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | 30 | 27 | n | 21 | 18 | 15 |

m = 1

n = 24

Reël is $y = -3x + 24$

| $x$ | -3 | -2 | m | 0 | 1 | 2 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | -1 | 0 | 1 | 2 | 3 | n |

m = _____

n = _____

Reël is $y$ = _____

**Probleemoplossing**

a. As die konstante verhouding –7 is, wat kan 'n ry dan wees?

b. As t = g x 4 – 9, waar g = –8, wat is t dan?

c. Die reël is y = –x + (–2). Wys dit in 'n tabel, met x = –3, –2, –1, 0, 1, 2.

# 8 Algebra

**Hersien die volgende:**




Sê of die volgende 'n:
- uitdrukking, of
- vergelyking

is, en verduidelik hoekom:

a) **$x + 18 = 52$**

b) **$x + 18$**

**1. Bereken die volgende en onderstreep ook die veranderlike in rooi en die konstantes in blou:**

**Voorbeeld 1:** 3a + 4a
= 7a

**Voorbeeld 2:** $3a^2 + 4a^2$
$= 8a^2$

Let wel:
$3a^2 + 5a^2$
is nie $8a^4$

**Voorbeeld 3:** $5x^2 + 4x^2 = 9x^2$

**Voorbeeld 4:** $5x + 4x^2 = 5x + 4x^2$

**Voorbeeld 5:** $3a^2 \times 4a^2$
$= (3a^2)(4a^2)$
$= 12a^4$

**Voorbeeld 6:** $3a^2 \div 4a^2$
$= \frac{3a^2}{4a^2}$
$= \frac{3}{4}$

a. 5a + 3a =

b. 6m - 2m =

c. $1a^2 + 2a^2 =$

d. $8r^2 + 5r^2 =$

e. $4x^2 + 2x^2 =$

f. $5x^2 + 5x =$

g. 2a x 3a =

h. $2c^2 \times 5c^2 =$

i. 1a ÷ 7a =

j. 3f ÷ 5f =

## 2. Voltooi:

**Voorbeeld** $4 \times ___ = 1$

$4 \times \frac{1}{4} = 1$

a. $5 \times ___ = 1$

b. $7 \times ___ = 1$

## 3. Los vir $x$ op:

**Voorbeeld 1:** $2x = 16$

$\frac{2x}{2} = \frac{16}{2}$

$x = 8$

**Voorbeeld 2:** $x - 2 + 3 = -5$

$x + 1 = -5$

$x + 1 - 1 = -5 - 1$

$x = -6$

**Voorbeeld 3:** $\frac{2x}{3} = 12$

$\frac{2x}{3} \times 3 = 12 \times 3$

$\frac{2x}{2} = \frac{36}{2}$

$x = 18$

a. $3x = 27$

b. $5x + x = 18$

c. $x + 3 + 2 = 4$

d. $x + 8 + 7 = -8$

e. $\frac{4x}{6} = 12$

f. $\frac{x}{5} = 15$

## 4. Evalueer as $x = 2$:

**Voorbeeld** $2x + 5$

$= 2(2) + 5$

$= 4 + 5$

$= 9$

**Voorbeeld** $x^2 + 5$

$= (2)^2 + 5$

$= 4 + 5$

$= 9$

a. $4x + 8 =$

b. $6 + 3x =$

c. $x^2 + 2 =$

d. $x^2 + 11 =$

e. $x^2 - x =$

f. $3x - x^2 =$

vervolg ☛

## 5. Los vir $x$ op:

**Voorbeeld 1:** $-5x = 10$

$$\frac{-5x}{-5} = \frac{10}{-5}$$

$$x = -2$$

**Voorbeeld 2:** $2x - 6x = 16$

$$-4x = 16$$

$$\frac{-4x}{-4} = \frac{16}{-4}$$

$$x = -4$$

a. $-2x = 10$

b. $-6x = -12$

c. $4x - 5x = 8$

d. $8x + 4x = 4$

## 6. Bereken:

**Voorbeeld 1:** $\frac{x^4}{x^2}$

$$= \frac{x.x.x.x}{x.x}$$

$$= x.x$$

$$= x^2$$

Hierdie is 'n monoom – dit het net een term.

a. $\frac{x^2}{x}$

b. $\frac{x^3}{x^2}$

**Voorbeeld 2:** $\frac{x^4 - x^2}{x^2}$

$$= \frac{x^2(x^2 - 1)}{x^2}$$

$$= x^2 - 1$$

Hierdie is 'n binoom – dit het twee terme wat deur 'n plus- of minus-teken verbind word.

c. $\frac{x^6 - x^2}{x^2} =$

d. $\frac{x^9 - x^3}{x^3} =$

**Voorbeeld 3:** $\frac{x^4 - 6x^2 - 1}{x^2}$

$= \frac{x^4}{x^2} - \frac{6x^2}{x^2} - \frac{1}{x^2}$

$= x^2 - 6 - \frac{1}{x^2}$

e. $\frac{x^4 - 2x^2 - 3}{x^2} =$

f. $\frac{x^6 - 2x^3 - 1}{x^3} =$

## 7. Hersiening: vereenvoudig die volgende met behulp van die distibutiewe net:

**Voorbeeld 1:** 2 (3 + 4)

= 2 x 3 + 2 x 4

= (2 x 3) + (2 x 4)

= 6 + 8

= 14

| 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|
| | **6** | **+ 8** |

a. 2 (3 + 6) =

b. 4 (8 + 1) =

**Voorbeeld 2:** 2 ($x$ + 5)

= (2 x $x$) + (2 x 5)

= 2$x$ + 10

| 2 | $x$ | 5 |
|---|---|---|
| | **2$x$** | **+ 10** |

c. 2 ($x$ + 4) =

d. 4 ($x$ + 7) =

**Voorbeeld 3:** 2 ($x^2$ + $x$ + 3)

= (2 x $x^2$) + (2 x $x$) + (2 x 3)

= 2$x^2$ + 2$x$ + 6

2 ($x^2$ + $x$ + 3)

= 2$x^2$ + 2$x$ + 6

| 2 | $x^2$ | $x$ | 3 |
|---|---|---|---|
| | **2$x^2$** | **+ 2$x$** | **+ 6** |

e. 2 ($x^2$ + $x$ + 4) =

f. 4 (3 + $x$ + $x^2$) =

**Probleemoplossing**

Bettie het 8n albasters en Pieter het 3n. Hoeveel het hulle altesaam? Skryf 'n getallesin neer.

# 9 Grafieke

## Wat vertel die grafieke of woorde ons omtrent die konsep?

Lineêr en nie-lineêr



Konstant, stygend en dalend



Maksimum of minimum



Diskreet of kontinu



## 1. Stip die volgende en skryf dit in woorde.



**Voorbeeld:** Die punt **(5,7)** is 5 eenhede links en 7 eenhede opwaarts.

a. (3,7) is _____ eenhede links , en _____ eenhede opwaarts.

b. (4,8) is _____ eenhede links , en _____ eenhede opwaarts.

c. (5,9) is _____ eenhede links , en _____ eenhede opwaarts.

d. (10,2) is _____ eenhede links , en _____ eenhede opwaarts.

e. (0,6) is _____ eenhede links, en 2 _____ eenhede opwaarts.

'n Parabool is die lyn wat 'n punt maak wat so beweeg dat dit altyd ewe ver van 'n vaste punt (die brandpunt) as van 'n vaste reguitlyn (die riglyn) is.

## 2. Voltooi die volgende:

a. Die linkerkantse (_____) rigting word die $x$-as genoem.

b. Die _____ (vertikale) rigting word die_____ genoem.






c. Die $y$-as loop vertikaal deur die _____.

d. Waar die $x$-as die $y$-as kruis, is die "_____" punt. Jy meet alles vanaf hierdie punt.

e. Die $x$-as loop horisontaal deur die _____.

**3. Voltooi die tabelle vir die vergelykings $y = x2 + 4$ en $y = -x2 + 4$ en stip (plot) dit dan op die assestelsel.**

| $x$ | -4 | -3 | -2 | -1 | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | | | | | | | | | |

$y = (-4)^2 + 4$
$= 16 + 4$
$= 20$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = x^2 + 4$
$= 16 + 4$
$= 20$

| $x$ | -4 | -3 | -2 | -1 | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| $y$ | | | | | | | | | |

$y = (-4)^2 + 4$
$= -20 + 4$
$= -16$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$

$y = -x^2 + 4$
$=$
$=$




Die eerste parabool het 'n minimum punt (___ , ____) en dit maak oop na bo (u-vormig).

Die tweede parabool het 'n maksimum punt (____,____) en dit maak oop na onder (n-vormig).

Wat gebeur as jy 'n bal in die lug opgooi?



Die bal sal met 'n boog die hoogte inskiet en weer die afkomslag. Die pad wat die bal volg is 'n parabool.



**Probleemoplossing**

Beskryf die grafiek $y = x^2 + 10$.

# 10 Finansiële wiskunde

## Kan jy onthou wat die volgende beteken?




**Wins** is die surplus wat oorbly nadat die totale koste van die totale inkomste afgetrek is.

**Tekort** is wanneer meer as die inkomste bestee is.

**Afslag** is die bedrag wat voor die betaling van die vraprys afgetrek word.

**Begroting** is die beraming van koste en inkomste oor 'n gespesifiseerde tydperk.

'n **Lening** is 'n som geld wat 'n individu of 'n maatskappy aan 'n individu of maatskappy uitleen, met die doelwit om winste te maak wanneer die geld terugbetaal word.

**Huurkoop** is 'n stelsel waarvolgens 'n koper in gereelde paaiemente vir 'n bate betaal terwyl hy die gebruik daarvan geniet.

Die eienaarskap van die item gaan nie gedurende die terugbetalingstermyn aan die koper oor nie. Die titel gaan by volle betaling van die lening aan die koper oor.

**Rente** is die fooi wat 'n uitlener vir 'n lener vra om die geleende geld te gebruik, en dit word gewoonlik uitgedruk as 'n jaarlikse persentasie van die bedrag wat geleen word – dit word ook die rentekoers genoem.

**Belasting op toegevoegde waarde (BTW)** is die belasting wat op alle goedere en dienste in Suid-Afrika betaal moet word. Die huidige BTW-koers is 14%. Sommige noodsaaklike voedselitems word hiervan vrygestel – dit beteken dat dit 'n 0% BTW-koers het.

'n **Wisselkoers** is die huidige markprys waarteen een geldeenheid vir 'n ander geruil kan word.

**1. Los die volgende finansiële probleme op:**

a. Kabelo ontvang R120 sakgeld per week. Hy gaan twee keer kegelbal speel (wat R20,00 per sessie kos, BTW uitgesluit). Hy drink koffie vir R5,00 en koop R30,00 se lugtyd – BTW in albei gevalle uitgesluit. Hoeveel sakgeld kan hy na die volgende week oordra?

b. Jy het die volgende uitgawes laas maand gehad: Fliek R60,00; huurmotor R90,00; roomys R5,75; nuwe hemp R65,00; skenking aan liefdadigheid R50,00; skryfbehoeftes R45,00; herstelwerk aan jou fiets R150,00. Jy ontvang R400 sakgeld per maand vir die takies wat jy in en om die huis verrig. Tot op hede het jy R375,00 gespaar. Voltooi die begrotingsvorm om uit te vind of jy enigiets kan spaar en of jy van jou spaargeld sal moet gebruik om jou uitgawes te betaal.

| | **Begroting** | **Werklike bedrag** | **Verskil** |
|---|---|---|---|
| **Inkomste Sakgeld** | R400 | R400 | |
| **Uitgawes** | | | |
| Huurmotor | | | |
| Fliek | | | |
| Lekkergoed | | | |
| Klere | | | |
| Skenkings | | | |
| Spaargeld | | | |
| Skryfbehoeftes | | | |
| **Geraamde totale uitgawes** | | | |
| **Netto inkomste** | | | |

vervolg ☛

c. 'n Totaal van R36 000 is in twee rekenings belê. Een rekening het 7% rente per jaar en die ander een 9% per jaar verdien. Die totale jaarlikse rente wat verdien is, was R2 920. Hoeveel is in elke rekening belê?

d. Dawid koop 'n nuwe motor op huurkoop. Die motor kos R75 000 (BTW uitgesluit) en hy ruil sy ou motor (wat ten volle afbetaal is) vir R9 500 in. Die motorregistrasie, dokumentasie en lisensiegelde was R2 000. Wat is sy paaiement as hy rente betaal teen 7% p.j., enkelvoudig saamgestel, en dit oor 'n tydperk van 54 maande terugbetaal?

e. Lindie het €45. Sy wil graag 'n denimbroek vir CAD $15 en 'n T-hemp vir CAD $10 koop. Hoeveel geld in ZAR sal sy oorhê nadat sy alles gekoop het?

Gebruik die wisselkoerse in die tabel hierna om jou te help om die woordsomme op te los. Wys jou bewerkings in die ruimte wat daarvoor voorsien is.

| | ZAR ( R ) | USD ($) | GBP (£) | CAD ($) | EUR (€) | AUD ($) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ZAR | 1,00 | 6,76 | 11,06 | 6,89 | 9,88 | 7,17 |
| USD ($) | 0,15 | 1,00 | 1,60 | 0,92 | 1,46 | 0,87 |
| GBP (£) | 0,09 | 1,09 | 1,00 | 0,58 | 0,91 | 0,55 |
| CAD ($) | 0,15 | 1,09 | 1,74 | 1,00 | 1,59 | 0,95 |
| EUR (€) | 0,10 | 0,69 | 1,10 | 0,63 | 1,00 | 0,60 |
| AUD ($) | 0,14 | 1,15 | 1,83 | 1,05 | 1,67 | 1,00 |

**Voorbeeld:** 1 ZAR (R) = 0,15 USD ($)

1 USD ($) = 6,76 ZAR (R)

**Probleemoplossing**

Maak aantekeninge van die belangrike finansiële wenke wat jy geleer het en vertel 'n familielid daarvan.



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 11 Meetkundige figure

## Simbole wat jy moet hersien of leer:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Driehoek  | Hoek  | Loodreg  | Parallel  | Grade o | Regte hoeke  |
| Lynsegment $\overline{AB}$ | Lyn $\overleftrightarrow{AB}$ | Radius (straal) $\overrightarrow{AB}$ | Kongruent  | Gelykvormig  | Dus  |

## Meetkundige figure om te onthou:

**Meetkundige figure**

| Driehoeke | Vierhoek | Nog poligone |
|---|---|---|
| Gelyksydige driehoek<br>Gelykbenige driehoek<br>Ongelyksydig driehoek | Parallelogram<br>Reghoek<br>Vierkant<br>Ruit<br>Trapesium<br>Vlieër | Pentagoon (vyfhoek)<br>Heksagoon (seshoek)<br>Heptagoon (sewehoek)<br>Oktagoon (agthoek)<br>Nonagoon (negehoek)<br>Dekagoon (tienhoek), ens. |

Bogenoemde is alles poligone.

## Hoeke om te onthou:

**Skerphoek**: 'n hoek wat kleiner as 90° is.

**Regte hoek**: 'n hoek wat 90° is.

**Stomphoek**: 'n hoek wat groter as 90° maar kleiner as 180° is.

**Gestrekte hoek**: 'n hoek wat presies 180° is.

**Inspringende hoek**: 'n hoek wat groter as 180° is.




'n Poligoon is 'n meetkundige figuur met drie of meer reguit sye.



Hoe sou jy die totale som van die binnehoeke van 'n poligoon bereken?

### Gelykvormige en kongruente driehoeke

Gelykvormige driehoeke het dieselfde vorm, maar is nie ewe groot nie. Elke paar ooreenstemmende hoeke is gelyk, en die verhouding van enige paar ooreenstemmende sye is dieselfde.

Kongruente driehoeke is driehoeke wat ewe groot is en dieselfde vorm het. Dit beteken dat die ooreenstemmende sye gelyk is en dat die ooreenstemmende hoeke ook gelyk is.

**1. Konstrueer die volgende met behulp van 'n gradeboog:**

| a. 'n Hoek kleiner as 90°. | b. 'n Poligoon met meer as vier sye. | c. 'n driehoek. |
|---|---|---|
| i. Benoem die hoek. | i. Bereken die binnehoeke van die poligoon. | i. Teken 'n driehoek wat kongruent is aan die driehoek hierbo. Benoem die driehoek. |
| ii. Konstueer nog'n hoek sodat die hoek en dié hoek hierbo saam 90° is. Wat noem ons so 'n hoek paar? | ii. Waar kan ons so 'n vorm in ons alledaagse lewe kry? | ii. Teken 'n driehoek wat gelykvormig is aan een van die driehoeke hierbo. Benoem die driehoek. |

vervolg

# Meetkundige figure vervolg



**2. Beskryf die konstruksies deur die woorde hierna te gebruik:**




**Parallelle lyne**

**Snylyn**

**Regoorstaande hoeke:**
a = d; b = c;
e = h; f = g

**Ooreenstemmende hoeke:**
a = e; b = f;
c = g; d = h

**Verwisselende binnehoeke**
c = f; d = e

**Verwisselende buitehoeke**
a = h; b = g

**Opeenvolgende binnehoeke**
c + e = 180°
d + f = 180°

a.



b.

'n **Diagonaal** (hoeklyn) is 'n reguitlyn binne 'n vorm wat een hoekpunt met 'n ander verbind, maar is nie 'n kant van daardie vorm nie.



**3. Kan jy enige diagonale identifiseer? As jy nie kan nie, trek dan 'n paar daarvan.**

**Probleemoplossing**

In watter pos, buiten dié van ingenieur, is dit nodig dat mense hoeke moet bereken? Gee 'n voorbeeld van so 'n posbekleër en sê hoekom die persoon hoeke bereken.

# 12 Transformasies

**Beskryf hierdie transformasies:**













**1. Beantwoord die volgende vrae:**




a. A, B en C se koördinate is:

b. A$^{l}$ ,B$^{l}$ en C$^{l}$ koördinate is:

c. Die translasievektor is

(x-13, y

d. Verduidelik die translasievektor in woorde.

## 2. Beantwoord die volgende vrae:




a. A, B en C se koördinate is:

| | | |
|---|---|---|
| | | |

b. $A^1$ B en $C^1$ se koördinate is:

| | | |
|---|---|---|
| | | |

c. ABC word oor die _____ gereflekteer.

d. Watter koördinate bly dieselfde?

| |
|---|
| |

e. Watter koördinate verskil?

| |
|---|
| |

## 3. Beantwoord die volgende vrae:




a. A, B en C se koördinate is:

| | | |
|---|---|---|
| | | |

b. $A^I$, $B^I$ en $C^I$ se koördinate is:

| | | |
|---|---|---|
| | | |

c. Vergelyk die ooreenstemmende hoekpunte.

| |
|---|
| |

## 4. Beantwoord die volgende vrae:




a. A'B' = _____ × AB

b. B'C' = _____ × BC

c. A'C' = _____ × AC

d. Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor**

| |
|---|
| |

is.

**Probleemoplossing**

Ontwerp 'n huis op grafiekpapier (bo-aansig).
Vergroot jou plan met 'n skaalfaktor van 2.
Reflekteer die huis, roteer dit met 90 grade en transleer dit met 2 eenhede links en met 3 eenhede af.



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 13 Meetkundige objekte

**Wat het al hierdie meetkundige objekte in gemeen?**

kubus



twintigvlak



twaalfvlak



agtvlak



viervlak



**Wat noem ons hierdie groep meetkundige objekte?**

**1. Beskryf dit deur die woorde, oppervlak (vlak), kant en hoekpunt, te gebruik. Skryf ook die meetkundige objek neer wat elkeen sal vorm.**

a.



b.



c.



d.



| | | | |
|---|---|---|---|
| twaalfvlak | | | |

**Beskryf elkeen.**

| e. | f. | g. | h. |
|---|---|---|---|
| 30 kante<br>20 hoekpunte<br>12 vlakke | | | |

**2. Voltooi die volgende:**

a. As die sye van 'n meetkundige figuur ewe lank is en die binnehoeke ewe, is die meetkundige figuur _____.

As dit nie gelyk is nie, is dit _____.

b. Wat sien jy raak as jy na die oppervlakke van 'n platoniese vaste liggaam kyk?

_____

c. Wat noem ons meetkundige vaste liggame as al die oppervlakke kongruent is?

_____

d. Noem drie meetkundige vaste liggame wat onreëlmatig is.

_____

**3. Konstrueer die net vir 'n viervlak. Ons voorsien die eerste twee stappe.**

**Stap 1:**
Trek 'n gelyksydige driehoek. Noem die sye ABC.




**Stap 2:**
Trek nog 'n gelyksydige driehoek, met een basis wat met basis AB van die eerste driehoek verbind is.




**4. Beskryf die verskillende aansigte van die gebou met behulp van die volgende sketse.**




a. _____


b. _____


c. _____

**5. Trek 'n kubus deur 'n 30° skuins projeksie te gebruik.**

**Stap 1:** Trek 'n vierkant.



**Stap 2**
Trek 'n 30°-lyn vanaf die regterkantse onderste hoekpunt.




**Stap 3**
Trek die res van die kubus.



Onthou dat die lyne, wat in die reële driedimensionele objek parallel is, in die skets parallel bly.



**Probleemoplossing**

Gebruik herwinde materiaal en maak skelette (buitelyne) van al die platoniese vaste liggame.



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 14 Omtrek en oppervlakte

## Hersien die formules:

| | |
|---|---|
| Omtrek van 'n reghoek<br>$2l + 2b$<br>Oppervlakte van 'n reghoek: $l \times b$ | Omtrek van 'n sirkel<br>$C = \pi d$ of $2 \pi r$<br><br>Oppervlakte van 'n sirkel<br>$A = \pi r^2$ |
| Omtrek van 'n vierkant: $4l$<br>Oppervlakte van 'n vierkant: $l \times l$ | |
| Die oppervlakte van 'n driehoek is:<br>$\frac{1}{2} b \times h$ | |

## Beskou hierdie omsettings:

1 cm = 10 mm
1 cm² (1 cm x 1 cm)
= 100 mm² (10 mm x 10 mm)

1 m = 1 000 mm
1 m² (1 m x 1 m)
= 1 000 000 mm² (1 000 mm x 1 000 mm)

1 km = 1 000 m
1 km² (1 km x 1 km)
= 1 000 000 m² (1 000 m x 1 000 m)

## 1. Bereken die omtrek en oppervlakte van 'n vierkant. Skryf jou antwoord in mm.

**Voorbeeld: sy 4,5 cm**

**Omtrek**
P = 4 x s
= 4 (4,5 cm)
= 18 cm

**Oppervlakte**
$A = s^2$
= 4,5 cm x 4,5 cm
= 20,25 cm²

**Skryf jou antwoord in mm.**
= 4 (45 mm)
= 180 mm

= 45 mm x 45 mm
= 2 025 mm²

As die oppervlakte 2 025 mm² is, wat sal die antwoord in cm² wees?
1 cm = 10 mm
1 cm² = 1 cm x 1 cm
1 cm² = 10 mm x 10 mm
1 cm² = 100 mm²

$\therefore \left(\frac{2\,025 \text{ mm}^2}{100}\right) \text{cm}^2$
= 20,25 cm²

**Sy 3,5 cm**

## 2. Bereken die oppervlakte en omtrek van 'n reghoek. Skryf jou antwoord in mm.

**Voorbeeld: lengte 3,8 cm, breedte 2,1 cm**

**Omtrek**
P = 2 (l + b)
= 2 (3,8 cm + 2,1 cm)
= 2 ( 5,9 cm)
= 11,8 cm

**Oppervlakte**
A = l x b
= 3,8 cm x 2,1 cm
= 7,98 cm²

1 m = 100 cm
1 m² = 100 cm x 100 cm
1 m² = 10 000 cm²

**Skryf jou antwoord in mm² en m².**
mm²
7,98 cm²
= 7,98 x 100mm²
= 798 mm²

1 cm = 10 mm
1 cm² = 1 cm x 1 cm
1 cm² = 10 mm x 10 mm
1 cm² = 100 mm²

m²
$= \frac{7{,}98 \text{ cm}^2}{10\,000}$
= 0,00798 m²

**Lengte 9,3 cm en breedte 7,2 cm**

## 3. Bereken die oppervlakte van 'n driehoek. Skryf jou antwoord in mm.

**Voorbeeld:**




**Oppervlakte**

$A = \frac{1}{2} b \times h$

$\frac{1}{2}$ (5 cm) x 2,3 cm

= 2,5 cm x 2,3 cm

= 5,75 cm$^2$

Skryf jou antwoord in mm$^2$

5,75 cm$^2$

(5,75cm$^2$ x 100) mm$^2$

= 575 mm$^2$

Skryf jou antwoord in m$^2$

$\left(\frac{5{,}75 \text{ cm}^2}{10\,000}\right)$ m$^2$

= 0,000575 m$^2$

**Basis = 8 cm  Hoogte = 2,6 cm**

## 4. Bereken die oppervlakte van die sirkels.

**Voorbeeld:** Radius is 3 cm.

$A = \pi r^2$

= (3,14159) (3cm)$^2$

= 28,27 cm$^2$

**a  Die radius van die sirkels is 4 cm.**

**b.  Die radius van die sirkels is 2,5 cm.**

**Probleemoplossing**

As die oppervlakte van die sirkel 314,159 cm$^2$ is, wat is die radius?



15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

# 15 Volume en buite-oppervlakte

**Hersien die volgende formules:**

Die volume van 'n kubus
$v = l^3$



Die volume van 'n reghoekige prisma
$v = l \times b \times h$



Die volume van 'n driehoekige prisma
$v = \frac{1}{2} b \times h \times l$



Buite-oppervlakte van 'n prisma

A = die som van die oppervlakte van al die vlakke

Hersien die volgende:

- As 1 cm = 10 mm dan is 1 $cm^3$ = 1000 $mm^3$
- As 1 m = 100 cm dan is 1 $m^3$ = 1 000 000 $cm^3$ of $10^6$ $cm^3$.
- 'n Objek met 'n volume van 1 $cm^3$ sal presies 1ml water verplaas.
- 'n Objek met 'n volume van 1 $m^3$ sal presies 1 kl water verplaas.

**1. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n kubus.**

**Voorbeeld:**

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|---|---|---|
|  4 cm<br>$v = l^3$<br>$v = (4\ cm)^3$<br>$v = 64\ cm^3$ | Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 $cm^3$ sal 1 ml water verplaas.<br><br>'n Objek wat 64 $cm^3$ is, sal dus 64 ml water of 0,064*l* verplaas. | Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlakke) is daar?<br> 4 cm<br><br>Buite-oppervlakte = som van die oppervlaktes van al die vlakke.<br>= 6 (oppervlakte van 'n vlak)<br>= $6a^2$<br>= 6 $(4\ cm)^2$<br>= 6 x 16 $cm^2$<br>= 96 $cm^2$ |

| Kubieke mm | Kubieke cm | Kubieke m | Liter |
|---|---|---|---|
| 1 000 000 000 | 1 000 000 | 1 | 1 000 |
| 1 000 000 | 1 000 | 0,001 | 1 |
| 1 000 | 1 | 0,000001 | 0,001 |

Die kant van die kubus is 2,5 cm lank.

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|---|---|---|
| | | |

**2. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van 'n reghoekige prisma.**

**Voorbeeld:**

| Volume | Kapasiteit | Buite-oppervlakte |
|---|---|---|
| 4 cm<br><br>2 cm<br>1,5 cm<br><br>$v = l \times b \times h$<br>v = 4 cm x 1,5 cm x 2 cm<br>v = 12 cm$^3$ | Let wel: 'n Objek met 'n volume van 1 cm$^3$ sal 1 ml water verplaas.<br>∴ 'n Objek wat 12 cm$^3$ is sal dus 12 ml water verplaas. | Net van die kubus. Hoeveel vlakke (oppervlakke) is daar?<br><br>4 cm<br>2 cm<br>1,5 cm<br><br>Buite-oppervlakte<br>A = 2 lb + 2lb + 2bh<br>= 2 (4 cm x 1,5 cm) + 2(4 cm x 2 cm) + 2(1,5 cm x 2 cm)<br>= 12 cm$^2$ + 16 cm$^2$ + 6 cm$^2$<br>= 34 cm$^2$ |

| Kubieke mm | Kubieke cm | Kubieke m | Liter |
|---|---|---|---|
| 1 000 000 000 | 1 000 000 | 1 | 1 000 |
| 1 000 000 | 1 000 | 0,001 | 1 |
| 1 000 | 1 | 0,000001 | 0,001 |

vervolg ☛

